

5 Februarie

Skrifgedeelte: Deuteronomium 9:1-29 (OAV)

Fokusgedeelte: Deuteronomium 9:26 (OAV)

Die grootheid van God in sy verlossing

Hoe het Israel God se genade tog nie op die proef gestel nie! By Tabéra het hulle gekla. By Massa was hulle ontevrede. By Kibrot-Hataäwa het hulle gemurmureer oor kos. By Kades-Barnea was dit kleingeloof om die land in te trek.

Dit lyk asof ons al hierdie gekla en gemor en kleingeloof vandag weer terug het. Luister maar net na die gesprekke!

Toe pleit Moses vir sy volk. Pleit op grond van God se grootheid in sy verlossing uit Egipte met groot mag en kragtige dade. Pleit op grond van God se verbond.

Maar hoe anders sal daar vir God se verbondsvolk verlossing kom as hy dit nie doen deur magtige dade nie? Waarop sal ons anders kan pleit vir die voortbestaan en die toekoms van God se kerk en kerkverband op aarde? Net sy groot liefde en genade in sy verlossing; sy trou en sy verbond. Alleen op sy liefde en genade in Jesus Christus, ons Verbondshoof. Al die straf van God oor die kleingeloof en gemor en gekla van ons sondige mense. Ook 'n kerkverband in sy sonde. Die sonde van sy kleinmenslike gelowiges binne die kerk.

Maar hoe groot is God dan tog nie in sy verlossingswerk nie! Hoe diep het Hy nie na ons uitgereik nie. Dit is al waarop ons kon bou en kan bou, ook in die toekoms. As ons maar net nie gaan bou op die mens se grootheid soos die wêreld in sonde verlore wil doen nie.

Maar God se vergiffenis in Christus is nie outomaties of meganies nie. Dit kom langs die weg van bekering. Ja, selfs 'n kerkverband moet maar selfbeproeving toepas, en bekeer. Selfs as die kerk feesvier. Dit beteken dat die kerk gedurig sal vra na die wil en die grootheid van God. Altyd maar ondersoek, berou, terugkeer tot God deur Christus wanneer daar stagnasie, selftevreedenheid en gewoontegodsdiens kom. In sy grootheid bly God genadig in Christus en vergeef Hy menigvuldiglik.

Ds AJ Coetsee (Emeritus)

